Hoërskool Transvalia

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ..........................................

November 2022

Liewe toekomstige Bakterie-babas (Graad aggie) Ouers / Voogde

U kind se inskrywing is met opgewondenheid ontvang en aanvaar. Dankie dat u Transvalia gekies het, ons glo dit is die beste keuse. Ons vertrou dat u en u kind gou by ons sal tuis voel, inskakel en 'n volwaardige Valia sal word.

Indien u kind nie meer na Transvalia kan kom nie, vir watter rede ook al, laat weet ons asseblief betyds sodat 'n ander leerder op die waglys die geleentheid gegun mag word om 'n Valia te word.

## AANKOMS EN PROGRAM VIR OUERS / VOOGDE: MAANDAG 9 JANUARIE 2023

U moet asseblief by die hek agter die pawiljoen (Holsteinstraat) inry en op die rugbyveld agter die paviljoen parkeer.
U moet asseblief nie in die straat stilhou nie. Vir die Ouers/Voogde van die bakterie-babas sal daar om 08:00 'n vergadering wees op die pawiljoen.

Ouers kan gedurende die oggend uitstaande finansies afhandel by die finansiële kantoor, let wel slegs kaart betalings word aanvaar, geen kontant nie, u sal ook daar kwotansie ontvang as bewys van betaling. Wees asseblief betyds op die pawiljoen vir die vergadering wat om 08:00 plaasvind.

Die leerders sal gedurende hierdie tyd vanaf aankoms tesame met 'n LOR vergesel word na die aantreeblad, waar leerders bymekaar kom, en in register klasse ingedeel word. Later wanneer hul reeds in hul registerklasse is, sal hul klas vir klas vergesel word met hul LOR mentors om hul handboeke te gaan afhaal. ***Elke leerder MOET asb 'n bewys van betaling (R2 500) kan toon***. Indien u vooraf 'n reëling getref het met Mev. L. Fourie in die kantoor sal dit op 'n lys aangedui wees, wat aan die personeel beskikbaar sal wees waar die boeke uitgedeel word. Indien u reeds nou, vroegtydig die betaling wil maak by wyse van elektroniese oorplasing, is u meer as welkom, as verwysing gebruik asseblief die syfer agt en leerder se van en volle voorletters, bv. 8BekkerPWJ
***Onthou om bewys van betaling uit te druk en veilig te bewaar vir u kind om saam te bring 9 Januarie 2023.***

***SKOOL SE BANKBESONDERHEDE:***

Hoërskool Transvalia
ABSA BANK
Rekeningnommer: 530 390 594
Takkode: 632005
Verwysing: 8VanVoorletters (van leerders) **of**
kontak die skool se finansiële kantoor vir u rekeningnommer indien u reeds op die stelsel is.

Faks: 016 932 5252
Epos: fin@hstransvalia.co.za

Leerders gaan binne die eerste paar dae inligting ontvang m.b.t. hul orientering gedurende die eerste gedeelte van die skoolkwartaal. Om daardie rede, verstaan ons dat meeste van u kind se laerskool klere by die klerebank ingegee word. Ons wil wel versoek asseblief dat u een stel van die laerskool klere hou want die leerders gaan dit benodig. Sal opreg waardeer word.



5563 ONS Print: 0861 667 123

## GRAAD 8 PROGRAM VIR BAKTERIE-BABAS: MAANDAG 9 JANUARIE – DINSDAG 10 JANUARIE

Bakterie-babas gaan met hul aankoms, Maandag, 9 Januarie, op die aantreeblad in registerklasse, alfabeties geplaas word deur hul voogonderwysers en LOR lede, terwyl ouers/voogde nog uitstaande finansies afhandel en op die pawiljoen vergader. Wanneer alle bakterie-babas ingedeel is gaan hul saam met hul LOR mentors en voogonderwyser na hul voogklasse. In die voogklas gaan elke leerder hul sitplek kry en dan gaan die LOR mentors tesame met die voogonderwyser algemene reëls en die verloop van die twee dae aan leerders verduidelik. Bakterie-babas gaan ook meer leer en uitvind oor die skool en Valia kultuur. Enige moontlike vrae van die bakterie-babas kan ook gedurende hierdie bymekaar koms gevra word. Gedurende hierdie bespreking gaan die klasse een vir een uitgeneem word om hul handboeke te gaan afhaal, ***onthou asseblief hul moet bewys van betaling by hulle hê.***

Vrywaringsvorms (wat moontlik nog nie ingedien is nie, MOET ook dan by voogonderwyser ingehandig word) en Merietebeurs vorms kan dan ook gedurende hierdie tyd by die voogonderwyser ingehandig word, indien nog nie per epos na die skool gestuur is nie. ***Dit is uiters belangrik dat elke leerder 'n vrywaringsvorm moet indien asseblief!***

Na afloop van die algemene bespreking van reëls asook die reëlings m.b.t. die Graad 8 program behoort alle klasse ook reeds handboeke te hê, die skool sal dan verdaag vir die bakterie-baba's om 11:00.

***Orienterings program: Maandag, 9 Januarie vanaf 17:00***

Aangesien kostes heelwat verhoog het, het ons dit goedgedink om u die koste te bespaar en daarom gaan leerders nie na 'n kampterrein nie, maar ons kamp sommer op die skoolgronde. Daarom moet die bakterie-baba asseblief reeds 17:00 terug wees vir die orienterings program wat begin by die skool, u is welkom om u kind te kom help tent opslaan op die rugbyveld vanaf 16:00. Bakterie-babas moet asseblief aandete nuttig voor hul skool toe kom, aangesien daar nie aandete verskaf gaan word nie.

Tydens hierdie orienterings program word daar primêr gepoog dat die Graad 8 leerders mekaar leer ken en spangees bou sowel as om 'n gevoel van samehorigheid onder mekaar te vestig. Dit word ondersteun deur 'n bekendstellingsprogram, aangebied deur die LOR, en span aktiwiteite, wat ten einde lei tot en met die klokseremonie wat simbolies die begin van hul hoërskoolloopbaan aandui. Aan die einde van matriek (2027) is daar weer 'n klokseremonie wat hul skoolloopbaan weer simbolies afsluit.

Ons verwag dat ons bakterie-babas vet pret sal hê en baie plesier gaan ervaar gedurende hierdie ontwikkeling om by die hoërskool in te skakel. Die kamp vind plaas onder toesig van onderwysers en senior LOR-lede van die skool. Geen spesiale kleredrag word benodig nie. Inteendeel, ons wil graag vra dat die leerders net ou klere saambring. As gevolg van die besige program gaan daar min geslaap word, nuwe vriende gemaak word, laerskool maniere afgeskud word en sommer net baie 'sports' gemaak word! Leerders kan ook weglê aan 'n heerlike ontbyt happie wat spesiaal vir hulle voorberei gaan word, sowel as 'n middagete gedurende hul aktiwiteite, Dinsdag 10 Januarie 2023. So word die basis van die leerders se hoërskoolloopbaan gelê en hier sal hulle die etos en waardes van ons skool leer ken.

## SKOOLKAMPBENODIGDHEDE ('n Klein tassie / sak)

**GEEN SELFONE, RADIO'S OF JUWELIERSWARE - MERK ASSEBLIEF AL JOU KLERE EN GOED WAT JY SAAMBRING**

Tent (maats kan saam in 'n tent – slegs seuns) Alle meisies gaan in die saal slaap.
Slaapsak en kussing (Kombers opsioneel) – net iets om op/in te slaap
Snacks vir deur die aand en volgende dag
Sonhoed, sonbrandroom en Waterbottel is ***VERPLIGTEND***
Toiletware en handdoek
Flitslig
Muskietafweermiddel
1 Stel OU klere (Dogters - geen spaghetti toppies nie)
1 Stel warm klere – ingeval dit reën (sweetpak / drimac)
Swemklere en swemhanddoek of klere wat kan nat word
Persoonlike medisyne (Asmalyers, diabete, allergielyers)

## TOESTEMMINGSBRIEWE / VRYWARINGSVORMS (AANGEHEG)

U moet asseblief die vrywaringsbrief, waarin u toestemming gee dat u kind wel die nag kan oorslaap by die skool, tuis voltooi en so gou moontlik reeds by Valia se algemene kantoor kom inhandig. U kan ook die vorms elektronies stuur per epos na admin@hstransvalia.co.za maak net seker die vorms en dokumente is duidelik. ***Alle vorms moet asseblief teen Dinsdag 13 Desember 2022 ingehandig wees, sodat nodige administrasie gedoen kan word.*** Volg asseblief die instruksies op die vorm (heg afskrifte van u mediese kaart, beide ouers se ID-dokumente en u kind se geboorte sertifikaat aan).

## GELDE BETAALBAAR

**Eerste skoolfonds betaling en kampgeld moet voor / op 9 Januarie 2023 reeds betaal wees.**
Die koste van die kamp beloop **R400** en sluit etes, en alle aktiwiteite in.
Indien daar 'n probleem is met die betaling, moet u asseblief so gou moontlik die skool kontak (Mev. L Fourie), sodat reëlings getref kan word, aangesien ons graag alle Graad 8 leerders daar wil hê.
**U moet verkieslik internet oorbetalings of bank inbetalings doen**. Of indien u verkies om by die kantoor 'n kaartbetaling te kom doen, is dit ook in orde. Daar is egter ook geleentheid om nog op 9 Januarie 2023 by die skool te betaal met 'n kaart, GEEN kontant asseblief.

| | |
|---|---|
| Eerste skoolfonds paaiement (Vir ontvangs van handboeke en skrifte) | R 2 500,00 |
| Kampgeld | R 400,00 |
| **TOTAAL** | **R 2 900,00** |

## SKOOLFONDS

Die skoolfonds vir 2023 is vasgestel op R18 500 per leerling, per jaar, soos goedgekeur op die ouervergadering.
'n Eerste skoolfonds paaiement van R2 500 is betaalbaar voor of op 9 Januarie 2023 (begin van die skooljaar) tensy u betyds 'n reëling tref met Mev L. Fourie. Die res van die skoolfonds kan betaal word in 10 gelyke paaiemente van R1 600 per maand vanaf 1 Februarie 2023 tot 30 November 2023.

Indien die volle skoolfonds betaal word ***voor die einde van Februarie*** (mits alle ander kostes reeds betaal is), kom u in aanmerking vir 10% korting op die bedrag van R16 000 wat dus dan betaalbare bedrag as skoolfonds vir die jaar R16 900 (R2 500 + R14 400) plus kampgeld van R400 is totaal van R17 300. Geen staatsbeurse bestaan nie. Indien u enige probleme met finansies ondervind, moet u asseblief nie huiwer om die skool te kontak nie, kom gesels of kontak Mev. L. Fourie so gou moontlik om 'n reëling te tref. Ouers wat volgens staatsregulasie 29311 kwalifiseer en vir finansiële korting wil aansoek doen, moet asseblief voltooide aansoekvorms voor of op 31 Januarie 2023 by die kantoor indien vir oorweging deur die Beheerliggaam. Aansoekvorms is reeds vanaf 9 Januarie 2023 by die Algemene kantoor beskikbaar. 'n Glyskaal bestaan waarvolgens ouers volgens inkomste, verminderde skoolfonds mag betaal. U moet egter by die Beheerliggaam aansoek doen en u sal gedurende Februarie in kennis gestel word of u aansoek suksesvol was.

***SKOOL SE BANKBESONDERHEDE:***

Hoërskool Transvalia
ABSA BANK
Rekeningnommer: 530 390 594
Takkode: 632005
Verwysing: Leerder se volle naam en van of kontak die skool se finansiële kantoor vir u rekeningnommer

Faks: 016 932 5252
Epos: fin@hstransvalia.co.za

## MERIETEBEURS

U aandag word daarop gevestig dat merietebeurse beskikbaar is, maar dat 'n aansoekvorm (aangeheg by hierdie brief) asseblief voltooi moet word en tesame met afskrifte van bewyse, na die skool teruggestuur moet word. Die sluitingsdatum is 31 Januarie 2023. U sal in kennis gestel word van die uitslag. Vorms kan reeds vanaf 9 Januarie 2023 ingehandig word by Me Irene Billing in die Algemene Kantoor. Merietebeurse word toegeken op grond van prestasies wat 'n leerling slegs in Gr 7(nie Gr.1 tot Gr.6 nie) behaal het vir Akademie, Kultuur, Leierskap en/of Sport.
'n Persentasie korting word toegestaan op skoolfonds volgens vasgestelde kriteria.

## GRAAD 8-BRAAI SAAM MET OUERS EN PERSONEEL WOENSDAG, 11 JANUARIE 2023

Na afloop van die Graad 8 leerders se kamp en eerste skooldag, word daar saam met die ouers gekuier. Ons wil ook graag aan u as Graad 8-Ouers die geleentheid bied om mekaar, die hoof, bestuur en personeel sommer vroeg in die jaar te ontmoet, terwyl ons gesellig saam kuier om die braaivleisvure.

Die skool verskaf pap en sous, vure, tafels en stoele.
U bring u eie vleis, brood, slaai, drinkgoed en eetgerei.

| | |
|---|---|
| Datum: | Woensdag, 11 Januarie 2022 |
| Tyd: | 17:00 |
| Plek: | In die laning onder bome / hokkieveld langs die A-rugbyveld |

## VERVOER

Daar is vasgestelde busroetes, maar aanpassings kan, waar moontlik, gedoen word volgens behoeftes. Dit word gefinaliseer in die eerste week van die kwartaal, wanneer leerders almal bymekaar geroep word en die behoefte bepaal word. Voor hierdie vasgestel is, moet u asseblief alternatiewe reëlings tref.

**<u>Roete bustariewe</u>** : Kwartaalkaartjies R 1 700 Jaarkaartjies R 4 800

Na sportoefening is daar ook 'n bus wat roete ry volgens behoefte soos deur die beheerliggaam goedgekeur.

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Sportbustariewe</u>** | Binne Vanderbijlpark | R 20 |
| | Binne Vaaldriehoek | R 50 |
| | Buite Vaaldriehoek tot Johannesburg – Heidelberg, Frankfort, Parys, Heilbron | R100 |
| | Sportritte verder as Johannesburg se pryse sal bepaal word per geleentheid. | |

## SKOOLDRAG

***Beskikbaar by Sedgars in Vereeniging (Tel. no. 016 422 3804).***

Elke Graad 8 leerder ontvang 'n gratis kleurbaadjie (Formele skoolbaadjie / "Blazer") beskikbaar by Sedgars. U kan vanaf 1 Desember 2022 tot 31 Januarie 2023 by Sedgars gaan aanpas en die gepaste baadjie neem.

***Vrydagdrag*** Die ondersteunershemp en Valia kortbroek en/of sweetpak word elke Vrydag gedra.

***Sportdrag*** Atletiekklere, ondersteunershemp en sweetpak is net by Sedgars te kry.

**LET WEL:** Tot op hede is Sedgars die enigste goedgekeurde verskaffer van die skoolsweetpak.
Maak seker dat ander verskaffers u nie 'n rat voor die oë draai nie.
In die skooldagboekie, wat elke Graad 8-leerder gaan ontvang, is 'n uiteensetting van winterskooldrag.
Enkele items is ook by die skool se klerebank (in die mediasentrum) beskikbaar.

**Somersdrag word vanaf 1 September tot 30 April gedra en wintersdrag vanaf 1 Mei tot 31 Augustus.**

**Somersdrag vir seuns:**

Grys kort- of langbroek.
Swart- of grys gordel word by broek gedra.
Wit kortmou skoolhemp sonder das.
Oortrektrui (pullover) of skooltrui kan bo-oor hemp gedra word.
Grys skoolkouse en swart skoolskoene.

**Somersdrag vir dogters:**

Broekromp (15cm van die grond af as daar op knieë gestaan word)
**of** vlootblou langbroek volgens verskaffers se standaarde ontwerp vir dogters.
Indien die dogter 'n gewone wit kortmou hemp dra sonder das, kan 'n oortrektrui of skooltrui oor die hemp gedra word. Die wit oorhanghemp met die blou insetsels kan ook gekoop word en hierdie hemp word sonder 'n oortrektrui gedra en is SLEGS by Sedgars te koop.
Wit sokkies en swart skoolskoene.

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOLURE:** | Kwartaal 1 tot 3 | 07:25 – 14:15 (Maandae tot Donderdae) & 07:25 – 14:00 (Vrydae) |
| | Kwartaal 4 | 07:25 – 14:00 |

## AFWESIGHEID

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers/voogde om toe te sien dat hul kinders pligsgetrou by die skool sal wees.
Dit begin 'n probleem raak dat leerders te maklik en te veel afwesig is. 'n Rede vir afwesigheid moet verkieslik per epos na hokkie@hstransvalia.co.za gestuur word, op die dag wat leerder afwesig is, met bewyse (mediese sertifikaat, ens.) aangeheg ***OF*** u kan die skool telefonies verwittig ***OF*** 'n skriftelike rede / mediese sertifikaat by die voogonderwyser indien sodra leerder terug is.
***Let daarop*** dat 'n doktersbrief vereis word tydens afwesigheid van formele take, kwartaaltoetse en eksamenvraestelle.

Gedurende die eksamen moet die skool ***voor aanvang van die skryfsessie verwittig word*** as u kind nie die eksamenvraestel kan kom skryf nie. Moet asseblief nie vakansie reëlings tref in skooltyd nie. Leerders gaan nog toetse en eksamen tot op die laaste skooldag skryf en al is dit nie toetsreeks of eksamen nie, leerders mis belangrike kontaktyd met onderwyser en is doen nie die moeite of kom nie die mas op om die verlore werk in te haal en te bemeester nie.

## DAGBOEKIE

Elke leerder ontvang 'n gratis skooldagboek by betaling van die eerste paaiement van die skoolfonds. Hierdie boekie bevat alle skoolreëls, debietstelsel en kleredrag sowel as skakels (QR kodes) tot toets- en eksamendatums, maandprogramme en omsendbriewe.

## SKOOL BENODIGDHEDE

Elke leerder ontvang die volgende as die eerste paaiement van die skoolfonds betaal is:
Handboeke en slegs hul eerste stel skrifte vir alle vakke.

<u>U moet self die volgende verskaf:</u>

- Gewone skryfbehoeftes – blou pen, potlood, uitveër, Pritt, flitspenne (highlighters), kleurkryt, liniaal
- Vir Wiskunde:
  - Passerstel met gradeboog
  - Casio Natural v.p.a.m. Fx-82 ZA PLUS II sakrekenaar (word ook in ander vakke gebruik)
- Sakkieleêr (Flipfile) met 20 sakkies vir die volgende vakke:
  - LO
  - Kuns en Kultuur
- 'n Dun plat plastiekleêrtjie vir die volgende vak vir die jaar se assesseringstake:
  - Engels (pienk)
  - Afrikaans (pers)
  - Wiskunde (rooi)
  - Ander vakke – indien benodig (enige kleur)
- Vir die volgende vakke moet addisionele bedrag inbetaal word vir 'n studiegids waaruit die leerders gaan werk:
  - Wetenskap (NW) moet addisioneel **R230.00** inbetaal en die bewys van betaling, of kwitansie ontvang moet aan die vakonderwyser getoon word om 'n studiegids te ontvang.
  - Ekonomiese en Bestuurswetenskappe moet addisioneel **R180** inbetaal en die bewys van betaling, of kwitansie ontvang moet aan die vakonderwyser getoon word om 'n studiegids te ontvang.

  Moet asb nie dieselfde verwysing as vir skoolfonds gebruik nie. Gebruik asb leerder se voorletters en van en 'NW' of 'EBW' as verwysing asseblief, bv. *"JH Botha NW"* of "JH Botha EBW"

## VERPLIGTE VERANTWOORDELIKHEDE VIR BAKTERIE-BABAS:

- Bywoning van alle tuis sportbyeenkomste.
- Opruim na byeenkomste.
- Deelname aan Groentjiekonsert.

## ATLETIEKOEFENING

Alle huidige Gr 7-leerders is welkom om reeds by die skool te kom oefen. Kontak die skool vir meer inligting. Leerders wat in aanmerking wil kom vir die Junior Victor- en Victrix Ludorum toekenning moet by skool se atletiekbyeenkomste aan vier items deelneem.

## ENKELE BELANGRIKE DATUMS VIR JANUARIE EN FEBRUARIE 2023

| | |
|---|---|
| 10 - 11 Januarie | Graad 8 kamp tuis te Hoërskool Transvalia |
| 11 Januarie | Skool begin vir leerders |
| 11 Januarie | Graad 8's en ouers braai by die skool |
| 13 Januarie | Graad 8 Atletiek uitdunne |
| 16 Januarie | Graad 8's bekendstellingsprogram begin, inligting sal deurgegee word.<br>Groentjiekonsert indelings. |
| 18 & 19 Januarie | Groentjiekonsert oefening (14:15 tot 15:00) |
| 20 Januarie | Interhuis te Hoërskool Transvalia (Graad 8 moet agter bly om op te ruim) |
| 23 - 26 Januarie<br>30 & 31 Januarie | Groentjiekonsert oefening (14:15 tot 15:00) |
| 1 & 2 Februarie | Groentjiekonsert oefening (14:15 tot 15:00) |
| 6 Februarie | Kleedrepitisie vir Groentjiekonsert tot 14:00 - 16:30 in skoolsaal. |
| 7, 8, 9 Februarie | Groentjiekonsert in Hoërskool Transvalia saal |

Ons sien baie daarna uit om u by ons pragtige skool te ontvang. Sterkte vir die laaste deel van Graad 7.
Geniet die vakansie en 'n baie Geseënde Kersfees!
Valia-groete.

..............................
J R Venske (HOOF)

**Skool se sosiale netwerke:**
Facebook – Valia LOR
Webblad: www.hstransvalia.co.za

158-2015

T.11

## HOËRSKOOL TRANSVALIA
## TOESTEMMINGSBRIEF / VRYWARINGSBRIEF

Ek, ______________________________________________ die ouer / voog van ______________________________________________, met ID nommer ____________________ gee hiermee my toestemming dat hy / sy die *Graad 8 kamp te Hoërskool Transvalia*, gedurende die tydperk *9 – 10 Januarie 2023* mag bywoon.

Hy / sy mag aan al die aktiwiteite / bedrywighede deelneem. Ek dra my magte as ouer / voog vir die tydperk oor aan die onderwysers / bestuur indien enige mediese behandeling vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, verkeer hy / sy in goeie gesondheid.

Ek versoek egter die verantwoordelike persone om op die volgende te let:

______________________________________________

______________________________________________

Meld hieronder enige besonderhede in verband met u kind se gesondheid (chronies) of enige bedrywighede waaraan hy / sy nie mag deelneem nie:

______________________________________________

______________________________________________

**Inligting benodig in geval van mediese- / hospitaalbehandeling:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Naam van Moeder: | | Naam van Vader: | |
| Selfoon nommer: | | Selfoon nommer: | |
| Huisadres: | | *Merk indien huisadres dieselfde* | |
| | | Huisadres: | |
| | | | |
| | | | |
| Werkgewer: | | Werkgewer: | |
| Werkgewer adres: | | Werkgewer adres: | |
| | | | |
| Werk (nommer): | | Werk (nommer): | |
| ID nommer: | | ID nommer: | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Naam van Mediesefonds: | | Mediesefonds nommer: | |
| Naam van Hooflid: | | Huisdokter: | |

Indien daar nie met u in verbinding getree kan word nie, verskaf asseblief kontakbesonderhede met wie geskakel kan word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Naam & Van: | | Kontaknommer: | |

Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek, as ouer of voog **alleenlik verantwoordelik** gehou sal word vir die **betaling van enige mediese onkoste**, indien van toepassing.

| | | | |
|---|---|---|---|
| HANDTEKENING VAN OUER / VOOG: | | DATUM: | |

**HEG AFSKRIFTE VAN DIE VOLGENDE AAN ASB:**

**BEIDE ouers se ID dokument**
**Leerder se Geboortesertifikaat**
**Mediese kaart**

H S TRANSVALIA
BEHOU EN BOU

# Hoërskool Transvalia

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: .........................................

## Aansoek om Merietebeurs (Laerskool)

Naam en Van: (Kind) ______________________ Laerskool: ______________

Naam en Van (Ouers) ______________________________________

Tel Nr.: Werk: ________________ (Pa) Tel. Nr. ________________ (Ma)

Tuis: ________________ ________________

Sel. Nr. ________________ ________________

Huis Adres: ______________________________________

**Prestasie van Leerder in Gr. 7**

**Akademies** (bv. Leerder Gemiddeld en Vakprestasies ens.)

______________________________________

______________________________________

**Kultuur** (bv. Kunswedstryde, Redenaars en Debat – ATKV ens.)

______________________________________

______________________________________

**Sport** (bv. Eerstespan deelname, provinsiale deelname, Bokkieweek deelname ens.)

______________________________________

______________________________________

**Leierskap** (bv. Prefek, VLR, Hoofleier en sportspan kaptein ens.)

______________________________________

______________________________________

Hoof: ________________ Datum: ____________ Aanvaar: Ja/Nee

- ✓ Hierdie dokument word apart van die aansoekvorm gehou in 'n merieteleêr. Geen ander onderneming is van toepassing nie.
- ✓ Die beurs verval vir die jaar indien gedruip word of indien u 'n ander skool sou kies.
- ✓ NB. Afskrifte van bewyse van toekennings moet asb. aangeheg word.
- ✓ Uitsluitsel oor die finansiële implikasie sal einde Februarie aan u deurgegee word.
- ✓ U is welkom om die skool of die bemarker te skakel oor enige verdere vrae wat u oor onseker is.
- ✓ Merietebeurse sluit **NIE** eerste paaiement, uitstappies, toere en sentrumfondse in nie.